Die kandidate se werk was netjies en georden. Die instruksies is goed toegepas, met die uitsondering van sekere kandidate wat nie die instruksie dat elke vraag op 'n nuwe bladsy gedoen moet word, nagekom nie. Afrondingsprobleme kom steeds voor.

Die rangorde van die beste[1] tot die swakste[6] beantwoorde vraag verskyn in hakkies langs die vraag.

VRAAG 1: EKSPONENTE [3]

Eksponentwette word steeds nie korrek toegepas nie. Vraag 1.1.7 is baie swak beantwoord.

VRAAG 2: LOGARITMES [5]

Selfs die afdeling waar die sakrekenaar gebruik moes word, is swak beantwoord.

VRAAG 3: GRAFIEKE [2]

Kandidate ondervind probleme met die aflees van waardes van die grafieke.

VRAAG 4: NUMERIESE METODES [3]

Dit wil voorkom asof kandidate die interval-halveringsmetode beter verstaan indien hulle gebruik maak van 'n tabel om die nulpunt te vind.

VRAAG 5: RYE & REEKSE [1]

Formules is gereeld gebruik.

VRAAG 6: DIFFERENSIAALREKENING [6]

Kandidate kan steeds nie onderskei tussen f(2) en f'(2) nie. Kandidate ruil steeds x- en y-koördinate by geordende getallepare om.